11/12/74: Per pos gestuur aan Die Burger, met versoek om dit voort aan ander koerante te gee, veral Volksblad. H.B.Th.

93

I.S. HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

VERKLARING DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER VAN DIE HENDRIK VERWOERD-TRUST

191.T.4.1 (1/1)

Namens die Hendrik Verwoerd-Trust word bekend gemaak dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1975 toegeken word aan dr. P.N. Badenhorst van die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Dr. Badenhorst het in 1962 in die eerste klas gematrikuleer aan die Hoërskool Harrismith, en in 1969 die M.B., Ch.B. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

In 1972 is die John van der Riet-medalje aan hom toegeken vir die beste referaat op die Bloemfonteinse Akademiese Jaardag.

Sy navorsingsprojek is getiteld: Ondersoek van die geleidingsweefsel van die hart met spesiale klem op patologiese toestande wat geleiding versteur. Hy is reeds geruime tyd met hierdie navorsingswerk besig en is van voorneme om dit oorsee, veral in die St. Georges-hospitaal in Londen, voort te sit.

Die beurs bedra R1 000 en word vir één jaar toegeken. Dit is bedoel om aan gekwalifiseerde geneeshere verdere ondersteuning vir gevorderde navorsing te verleen. Wyle dr. H.F. Verwoerd het die instelling daarvan moontlik gemaak toe hy die geldelike deel van die Hendrik Verwoerd-Toekenning, t.w. R10 000, wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie maar versoek het dat dit gebruik word om 'n geneeskundige navorsingsbeurs in die lewe te roep.

Dit is tans die derde keer dat die beurs toegeken word: die vorige toekennings was onderskeidelik aan dr. C.J.C. Nel van die Universiteit van Pretoria en dr. J.J. de Wet Lubbe van die Universiteit van Stellenbosch.

\+ + + + +

H.B.Th.